



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**VERBRUIKERSTUDIES**

**2023**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 200**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 19 bladsye.**

**AFDELING A: KORTVRAE****VRAAG 1**

|     |        |     |                                                                   |     |
|-----|--------|-----|-------------------------------------------------------------------|-----|
| 1.1 | 1.1.1  | D✓  | <i>Onthou, maklik (Verken, p.163 ; Suksesvol, p.181)</i>          | (1) |
|     | 1.1.2  | C✓  | <i>Onthou, maklik (Verbruikersaangeleentheid)</i>                 | (1) |
|     | 1.1.3  | B✓  | <i>Onthou, maklik (Verken, p.157; Suksesvol, p.173)</i>           | (1) |
|     | 1.1.4  | C✓  | <i>Onthou, maklik (Verken, p.166 ; Suksesvol, p.184)</i>          | (1) |
|     | 1.1.5  | B✓  | <i>Onthou, maklik (Verken, p.161-162; Suksesvol, p.178)</i>       | (1) |
|     | 1.1.6  | D✓  | <i>Onthou, maklik (Verken, p.94; Suksesvol, p.111)</i>            | (1) |
|     | 1.1.7  | B✓  | <i>Onthou, maklik (Verken, p.94; Suksesvol, p.114)</i>            | (1) |
|     | 1.1.8  | B✓  | <i>Onthou, maklik (Verken, p.77; Suksesvol, p.91)</i>             | (1) |
|     | 1.1.9  | D✓  | <i>Onthou, maklik (Verken, p.77; Suksesvol, p.91)</i>             | (1) |
|     | 1.1.10 | C✓  | <i>Onthou, maklik (Verken, p.103; Suksesvol, p.123)</i>           | (1) |
|     | 1.1.11 | D✓  | <i>Verstaan, maklik (Graad 11; Verken, p.49; Suksesvol, p.51)</i> | (1) |
|     | 1.1.12 | A ✓ | <i>Verstaan, maklik (Graad 11)</i>                                | (1) |
|     | 1.1.13 | C✓  | <i>Onthou, maklik (Verken, p.148; Suksesvol, p.162)</i>           | (1) |
|     | 1.1.14 | D✓  | <i>Toepassing, matig (Verken, p.148-149; Suksesvol, p.162)</i>    | (1) |
|     | 1.1.15 | A✓  | <i>Onthou, maklik (Verken, p.117-118; Suksesvol, p.137)</i>       | (1) |
|     | 1.1.16 | C✓  | <i>Onthou, maklik (Verken, p.16; Suksesvol, p.22)</i>             | (1) |
|     | 1.1.17 | D✓  | <i>Verstaan, maklik (Verken, p.32; Suksesvol, p.31)</i>           | (1) |
|     | 1.1.18 | C✓  | <i>Onthou, maklik (Verken, p.25; Suksesvol, p.26)</i>             | (1) |
|     | 1.1.19 | B✓  | <i>Onthou, maklik (Verken, p.35; Suksesvol, p.35)</i>             | (1) |
|     | 1.1.20 | C✓  | <i>Verstaan, maklik (Verken, p.13; Suksesvol, p.19-20)</i>        | (1) |

|                                                                                      |       |                          |           |     |
|--------------------------------------------------------------------------------------|-------|--------------------------|-----------|-----|
| 1.2                                                                                  | 1.2.1 | Winsopslag✓              |           | (1) |
|                                                                                      | 1.2.2 | Beste verkope scenario✓  |           | (1) |
|                                                                                      | 1.2.3 | Kontantvloeiprojeksie✓   |           | (1) |
|                                                                                      | 1.2.4 | Aanvangskoste/ kapitaal✓ |           | (1) |
| <i>Onthou, maklik (Verken, p.35-40; Suksesvol, p.35-42)</i>                          |       |                          |           |     |
| 1.3                                                                                  | 1.3.1 | C✓                       |           |     |
|                                                                                      | 1.3.2 | D✓                       |           |     |
|                                                                                      | 1.3.3 | A✓                       |           | (3) |
| <i>Verstaan, maklik (Verken, p.48-49; Suksesvol, p.49-51)</i>                        |       |                          |           |     |
| 1.4                                                                                  | 1.4.1 | E✓                       |           |     |
|                                                                                      | 1.4.2 | A✓                       |           |     |
|                                                                                      | 1.4.3 | H✓                       |           |     |
|                                                                                      | 1.4.4 | C✓                       |           |     |
|                                                                                      | 1.4.5 | G✓                       |           | (5) |
| <i>Verstaan, matig (Verken, p.117, 122, 126-128; Suksesvol, p.137, 140, 144-146)</i> |       |                          |           |     |
| 1.5                                                                                  | A✓    |                          |           |     |
|                                                                                      | D✓    |                          |           |     |
|                                                                                      | E✓    |                          |           |     |
|                                                                                      | H✓    |                          | (Enige 4) | (4) |
| <i>Verstaan, matig (Verken, p.97-98; Suksesvol, p.118-119)</i>                       |       |                          |           |     |
| 1.6                                                                                  | B✓    |                          |           |     |
|                                                                                      | D✓    |                          |           |     |
|                                                                                      | E✓    |                          |           |     |
|                                                                                      | G✓    |                          | (Enige 4) | (4) |
| <i>Toepassing, matig (Verken, 163-164; Suksesvol, p.180)</i>                         |       |                          |           |     |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B: LANGVRAE****VRAAG 2: DIE VERBRUIKER****2.1 Noem VIER nadele van die gebruik van gas in 'n huis.**

- Dit kan vining ontplof indien dit naby hitte of vuur geplaas word.✓<sup>1</sup>
- Gaslekkasie kan 'n uiters gevaarlike gasontploffing veroorsaak/hoogs vlambaar.✓<sup>2</sup>
- Blootstelling aan 'n opbou van gas kan tot siekte ly omdat suurstof ontnem word.✓<sup>3</sup>
- Dit is 'n nie-hernubare energiebron.✓<sup>4</sup>
- Dit mag nie vir almal bekostigbaar wees nie/ mag duur wees.✓<sup>5</sup>
- Hoë aanvanklike belegging.✓<sup>6</sup>
- 'n Gassilinder is swaar om te dra.✓<sup>7</sup>
- Daar is geen waarskuwing dat die gas leeg loop.✓<sup>8</sup>

(Enige 4) (4)

*Onthou, matig (Verken, p.176; Suksesvol, p.195)***2.2 Gee VIER voorbeelde van onbillike sakepraktyke.***'n Onbillike sakepraktyk sluit in:*

- Bedrog/ onwettig✓<sup>1</sup>
- Wanvoorstelling✓<sup>2</sup>
- Onderdrukkende✓<sup>3</sup> onredelike optrede teen verbruikers.✓<sup>4</sup>
- Valse beloftes of misleidende stellings wat vereis dat 'n verbruiker afstand doen van enige regte.✓<sup>5</sup>
- Eensydige sakepraktyke wat nadelig vir verbruikers is.✓<sup>6</sup>
- Voorwaardes wat ongelyk en nadelig vir die verbruiker is.✓<sup>7</sup>
- Onredelike/ onregverdige terme en voorwaardes in 'n kontrak wat nie duidelik aan die verbruiker gemaak word voordat die kontrak/ooreenkoms gesluit word nie.✓<sup>8</sup>
- Aanbieding van goedere en dienste teen pryse wat onregverdig/ onredelik/ onbillik is.✓<sup>9</sup>
- Aanbieding van goedere en dienste met voorwaardes wat onregverdig/ onredelik/ onbillik is.✓<sup>10</sup>
- Bemaking van goedere met valse beloftes/ misleidende stellings wat onredelik vir die verbruiker is.✓<sup>11</sup>
- 'n Verbruiker te vereis om afstand te doen van enige regte/ om verpligtinge te aanvaar/ afstand te doen van enige aanspreeklikheid van die verskaffer.✓<sup>12</sup>
- Alle sakepraktyke wat nie aan die voorsiening van die Nasionale Kredietwet gehoor gee nie✓<sup>13</sup> mag as onbillik beskou word. (Enige 4) (4)

*Onthou, matig (Verken, p.157; Suksesvol, p.174)***NOTE:** Onregverdige arbeidspraktyke moet geen punte toeken geken word nie.

### 2.3 Noem DRIE maniere waarop verbruikers elektrisiteit kan bespaar wanneer 'n wasmasjien gebruik word.

- Was volle wasladings<sup>✓1</sup> wasgoed.
- Gebruik koue water<sup>✓2</sup> in plaas van warm water om wasgoed te was.
- Kies die kortste wasprogram.<sup>✓3</sup> Vermyn onnodige programme/ siklusse/ voorwassiklusse/ spinprogramme<sup>✓4</sup> wanneer 'n wasmasjien gebruik word. (Enige 3)

*Onthou, matig (Verken, p.144; Suksesvol, p.158, 193-194)*

(3)

### 2.4 Verduidelik hoe pryskennisgewings/lotery swendelskemas werk.

#### Pryskennisgewingswendelskema

'n Verbruiker ontvang 'n e-pos/ SMS wat sê dat hy/ sy die lotery/ prys gewen het.<sup>✓1</sup> Die swendelaar gebruik die bankbesonderhede wat die verbruiker gevra word om te voorsien<sup>✓2</sup> om onwettige toegang tot die slagoffer se bankrekening te kry<sup>✓3</sup> en geld te steel.<sup>✓4</sup>

OF

#### Lotery Swendelskema

'n Verbruiker ontvang 'n e-pos/ SMS wat sê dat hy/ sy die lotery boerpot/ prys gewen het,<sup>✓5</sup> maar voordat die klaarblyklike prys opgeis kan word, word die verbruiker gevra om 'n som geld<sup>✓6</sup> in die lotery se fiktiewe bankrekening<sup>✓7</sup> te deponeer. (Enige 3)

*Onthou, maklik (Verken, p.159; Suksesvol, p.177)*

(3)

### 2.5 Bespreek hoe water doeltreffend gebruik kan word wanneer jy bad of stort.

- Neem 'n vinnige stort<sup>✓1</sup> omdat dit minder water as 'n bad gebruik.
- Plaas 'n skottel in die stort wat oortollige water opvang.<sup>✓2</sup>
- Maak die kraan toe wanneer jy seep aan jou liggaam smeer<sup>✓3</sup> om water te bespaar.
- Installeer 'n lae-vloei volume/kraanbelugter stortkop<sup>✓4</sup> omdat dit die vloei/ volume van water verminder.
- Gebruik die minimum hoeveelheid water wat benodig word wanneer 'n bad geneem word/ moenie die bad oorvol maak nie.<sup>✓5</sup>
- Gebruik die bad/ stort/ gryswater vir ander doeleindes/ herwin water.<sup>✓6</sup>
- Maak seker dat daar nie druppende kraan is nie.<sup>✓7</sup> (Enige 4)

*Verstaan, matig (Verken, p.180-181; Suksesvol, p.199)*

(4)

**2.6 2.6.1 Verduidelik hoe munisipaliteite elektrisiteit aan hulle gemeenskap verskaf.**

- Munisipaliteite koop elektrisiteit van ESKOM en verkoop dit aan die gemeenskappe.✓<sup>1</sup>
- Deur voorafbetaalde meterstelsel te installeer/ voorafbetaalde elektrisiteit te verkoop.✓<sup>2</sup>
- Deur elektrisiteit en prysopname/ faktuur/ rekening te voorsien nadat elektrisiteit gebruik was.✓<sup>3</sup>
- Deur elke maand gratis basiese elektrisiteit te voorsien.✓<sup>4</sup>

(Enige 3) (3)

*Verstaan, maklik (Verken, p.183; Suksesvol, p.203)*

**2.6.2 Noem hoe die verbruikers die elektrisiteit wat aan hulle verskaf word, kan beskerm.**

- Rapporteer onmiddellik kabeldiefstal aan die outoriteite.✓<sup>1</sup>
- Moenie onwettige koppeling toelaat nie/ rapporteer onwettige koppeling.✓<sup>2</sup>
- Betaal die elektrisiteitsrekening.✓<sup>3</sup>
- Moenie elektriese struktuur vandaliseer nie.✓<sup>4</sup>
- Gebruik elektrisiteit oordeelkundig/ spaarsamig.✓<sup>5</sup>

(Enige 3) (3)

*Toepassing, matig (Verken, p.185; Suksesvol, p.205)*

**2.7 Verduidelik die kenmerke van 'n onwettige piramiedeskema.**

- Slegs die mense wat eerste aangesluit het verdien geld.✓<sup>1</sup>
- Daar is geen produk wat verkoop word/ diens wat gelewer word nie.✓
- Die opbrengste is baie hoog/ meer as 20% bo die repokoers.✓<sup>3</sup>
- Lede ontvang beloning deur ander/ nuwe/ meer lede te verwerf,✓<sup>4</sup> maar later is daar nie weer nuwe lede om te werf nie.✓<sup>5</sup>
- Nuwe lede word vereis om geld te betaal✓<sup>6</sup> wat onder al of sommige van die bestaande lede versprei word.
- Die aanvoerder maak meer geld omdat almal in die skema foie aan hom/haar betaal.✓<sup>7</sup>
- Mense wat later aansluit kan al hul geld verloor.✓<sup>8</sup>

(Enige 4) (4)

*Verstaan, matig (Verken, p.162; Suksesvol, p.178-179)*

**2.8 2.8.1 Noem en verduidelik die instrument wat gebruik word om inflasie te meet.**

Verbruikersprysindeks (VPI)✓<sup>1</sup>

(1)

- Dit word gemeet deur dieselfde mandjie van goedere en dienste wat deur huishoudings gebruik word, te gebruik.✓<sup>2</sup>
- Dit hou tred met die verandering in die koste van die mandjie✓<sup>3</sup> oor 'n tydperk (jaar na jaar).✓<sup>4</sup>
- Die gemiddelde veranderinge word as 'n persentasie uitgedruk.✓<sup>5</sup>
- Die persentasie word gebruik (jaar na jaar) om die inflasiekoers te bepaal.✓<sup>6</sup>

(Enige 3) (3)

*Toepassing, matig (Verken, p.167; Suksesvol, p.185)*

## 2.8.2 Voorspel die impak wat rentekoersverhogings op die lewensgehalte van Suid-Afrikaners sal hê.

### Positief:

- Verbruikers met spaargeld/ beleggings sal meer rente verdien<sup>✓1</sup> en sal meer besteebare inkomste hê.<sup>✓2</sup>
- Verbruikers met vaste rente terugbetalings sal nie geaffekteer word nie aangesien hulle terugbetalings nie sal verhoog nie.<sup>✓3</sup>

### Negatief:

- Huiseienaars mag meer op hul verbandterugbetalings betaal<sup>✓4</sup> weens die verhoging in rentekoerse.
- Lening terugbetalings sal verhoog<sup>✓5</sup> wat verbruikers se besteebare inkomste verminder<sup>✓6</sup> weens 'n verhoging in hulle terugbetalings.
- Terug neem van besittings omdat daar nie daarvoor betaal word nie<sup>✓7</sup> weens hoë rentekoers.
- Verbruikers met veranderlike rentekoers terugbetalings sal meer betaal<sup>✓8</sup> omdat rentekoerse verhoog.
- Huishoudings met lae inkomste gaan sukkel omdat hulle minder besteebare inkomste sal hê<sup>✓9</sup> omdat hulle meer rente sal betaal.
- Mense mag in skuld gedompel word<sup>✓10</sup> omdat hulle salarisse nie meer genoeg is om hul behoeftes/ terugbetaling te bekostig nie<sup>✓11</sup> weens die verhoging in rentekoerse. (Enige 8)

*Analiserings, moeilik (Verken, p.167; Suksesvol, p.184 -185)*

(8)

[40]

**VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING****3.1 Noem VIER maniere waarop 'n persoon wat aan hoë bloeddruk ly, sy/haar soutinname kan verminder.**

- Moenie meer as een teelepel (5 g) sout per dag inneem nie.✓<sup>1</sup>
- Beperk/ voorkom die inname van geprosesseerde voedsel/ gerookte vleis/ spek/ biltong/ aartappelskyfies/ souterige neute/ souterige springmielies/ sop poeier/ poeier sous/ ekstrablokkies met versteekte sout/ kitskos.✓<sup>2</sup>
- Kruid/ speserye kan in plaas van sout gebruik word om voedsel te geur.✓<sup>3</sup>
- Kyk vir sout/ natrium chloride/ mononatrium glutemaat op die bestanddele lys en vermy/ beperk die inname daarvan.✓<sup>4</sup>
- Gebruik klein hoeveelhede sout wanneer kos gaargemaak word.✓<sup>5</sup>

(Enige 4) (4)

*Onthou, maklik (Verken, p.77-78; Suksesvol, p.87-88)***3.2 Gee dieetkundige riglyne om met die bestuur van anemie te help.**

- Sluit voedsels ryk aan (haem) yster in,✓<sup>1</sup> soos lewer/ rooivleis / vis/ pluimvee/ volgraan grane/ peulgroente/ groen blaargroente✓<sup>2</sup>
- Eet voedsels met genoeg vitamien B12✓<sup>3</sup> soos suiwel produkte/ rooivleis.✓<sup>4</sup>
- Eet voedsel met genoeg foliensuur✓<sup>5</sup> soos volgraanprodukte/ lewer/ groen blaargroentes✓<sup>6</sup>
- Eet voedsel wat vitamien C✓<sup>7</sup> sitrus/ suurlemoene/ lemoene/aarbeie✓<sup>8</sup> bevat om met die absorpsie van yster te help.✓<sup>9</sup>
- Vermy koffie en tee✓<sup>10</sup> met maaltye omdat die tannien inbreuk maak op die absorpsie van yster.✓<sup>11</sup>
- (Yster) aanvulling mag benodig word in sekere omstandighede gebruik word.✓<sup>12</sup>

(Enige 4) (4)

*Onthou, matig (Verken, p.77; Suksesvol, p.91)***3.3 Gee DRIE voordele van die gebruik van chemiese preserveermiddels in voedsel.**

- Dit verleng die raklewe van voedsel.✓<sup>1</sup>
- Dit voorkom/ vertraag voedselbederf/ vergiftiging.✓<sup>2</sup>
- Voorkom verbruining van droëvrugte/groente.✓<sup>3</sup>
- Preserveer die gewenste kleur.✓<sup>4</sup>
- Voeg geur by/ verbeter geur.✓<sup>5</sup>

(Enige 3) (3)

*Onthou, matig (Verken, p.94; Suksesvol, p.113-114)*

**3.4 Verduidelik waarom kruie en spesrye bestraal word.**

- Hulle sal voedsel besmet<sup>✓1</sup> indien dit nie bestraal is nie omdat dit 'n hoë bakteriese lading bevat<sup>✓2</sup>
- Bestraling maak die voedsel veiliger om te eet/ vernietig mikroorganismes/ insekte<sup>✓3</sup> en dit sal langer hou.<sup>✓4</sup> (Enige 2) (2)

*Verstaan, matig (Verken, p.105; Suksesvol, p.128)*

**3.5 Verduidelik hoe E.coli aan mense oorgedra kan word.**

- Die strande en riviere kon deur riool besmet word<sup>✓1</sup> weens beskadigde/ verouderde pype/ gebrekkige instandhouding van infrastruktuur.<sup>✓2</sup>
- Besmette water uit riviere vloei in die see<sup>✓3</sup> dus kan mense wat in die besmette water swem/ dit drink<sup>✓4</sup> kon hulle met E.coli besmet word.
- 'n Besmette persoon, wat nie hul hande was nie<sup>✓5</sup> en 'n onbesmette aanraak, kan die E.coli na die onbesmette persoon oordra.<sup>✓6</sup>
- Die vis in die besmette water mag besmet wees,<sup>✓7</sup> dus kan die inname van die vis/ sardyne en varswatervis die E.coli aan onbesmette mense oordra.<sup>✓8</sup> (Enige 6) (6)

*Toepassing, matig (Verken, p. 90; Suksesvol, p. 106)*

**3.6 3.6.1 Noem die voedselverwante gezondheidstoestand wat in die prent hierbo verteenwoordig word.**

Arteriosklerose/ koronêre hartsiektes<sup>✓</sup> (1)

*Toepassing, matig (Verken, p.74; Suksesvol, p.83)*

**3.6.2 Identifiseer stof A wat in die prent hierbo aangedui word.**

Plaak/ cholesterol/ wit wasagtige stof/ vetterige neerslag<sup>✓</sup> (1)

*Toepassing, matig (Verken, p.74; Suksesvol, p.83)*

**3.6.3 Beskryf hoe stof A tot koronêre hartsiektes kan bydra.**

Plaak/ cholesterol/ wit wasagtige stof vetterige neerslag bou in die slagare op<sup>✓1</sup> wat veroorsaak dat die slagare vernou<sup>✓2</sup> verstop/ toe gaan<sup>✓3</sup> verdik/ verhard.<sup>✓4</sup> Dit mag hoëbloeddruk/ beroerte<sup>✓5</sup> of 'n hartaanval<sup>✓6</sup> veroorsaak. (Enige 4) (4)

*Verstaan, maklik (Verken, p.74; Suksesvol, p.83)*

**3.7 Skryf 'n paragraaf om te bespreek hoe die pizza hierbo NIE sal bydra tot die bestuur van koronêre hartsiekte sal bydra NIE.**

Die pizza (koekmeelblom) bevat geen vesel<sup>✓1</sup> wat cholesterol verlaag.<sup>✓2</sup> Eiergeel is hoog in vet/ (LDL)/ cholesterol<sup>✓3</sup> en volroommelk/ botter/ kaas/ bees/ 'Russian' worsie/ spek/ macon is ryk in versadigde vet<sup>✓4</sup> wat bloed cholesterolvlakke verhoog.<sup>✓5</sup> Volroommelk/ botter/ kaas/ bees/ 'Russian' worsie/ spek/ macon vorm plaak<sup>✓6</sup> wat die slagare/ bloedvate sal vernou/ verstop<sup>✓7</sup> en tot 'n hartaanval mag lei. Die meeste bestanddele is hoog in kJ/energiewaarde,<sup>✓8</sup> dit mag lei tot oorgewig/ vetsug<sup>✓9</sup> wat bydra tot koronêre hartsiektes. Die 'Russian' worsie en spek/ macon is hoog in sout<sup>✓10</sup> en die bloeddruk verhoog/ beroerte.<sup>✓11</sup> (Enige 8) (8)

*Toepassing, matig (Verken, p.74; Suksesvol, p.84-85)*

**LET WEL: Daar mag slegs een keer 'n punt toegeken word vir vernou die slagare/ bloedvate.**

**3.8 Voedselsekuriteit in Suid-Afrika is deur die onlangse verhoging in brandstofpryse beïnvloed.**

**Regverdig die stelling hierbo.**

- Brandstofverhogings veroorsaak 'n styging in voedsel produksiekostes<sup>✓1</sup> en voedsel vervoerkoste.<sup>✓2</sup> Dit sal voedsel duurder maak.<sup>✓3</sup>
- Omdat verbruikers meer vir vervoer betaal,<sup>✓4</sup> sal hulle minder besteebare inkomste<sup>✓5</sup> hê om voedsel te koop/ toegang tot voedsel te hê.<sup>✓6</sup>
- Baie verbruikers mag nie in staat wees om genoeg<sup>✓7</sup> voedsel te bekostig/ koop<sup>✓8</sup> vir 'n gesonde aktiewe lewe nie.<sup>✓9</sup>

(Enige (7)

*Analiserings, moeilik (Werklikheid; Verken, p.106-107; Suksesvol, p.128-129)*

**[40]**

**VRAAG 4: KLEDING****4.1 Noem die mode wat 'n styl van 'n vorige era naboots/daarmee ooreenkom of ooreenstem.**

Retrospektiewe mode✓

*Onthou, maklik (Verken, p.51; Suksesvol, p.51)*

(1)

**4.2 Gee DRIE stadia in die modesiklus.**

- Begin/ loods/ inleiding✓<sup>1</sup>
- Toename/ opgang✓<sup>2</sup>
- Piek/ hoogtepunt✓<sup>3</sup>
- Afname✓<sup>4</sup>
- Veroudering/einde✓<sup>5</sup>

*Onthou, maklik (Verken, p.49-50; Suksesvol, p.50)*

(Enige 3) (3)

**4.3 Verduidelik die term *nagemaakte produkte*.**Namaaksel/ replika/ vervalsing✓<sup>1</sup> van die oorspronklike produkte.**OF**Onwettige kopie✓<sup>2</sup> van 'n produk.*Onthou, maklik (Verken, p.64 Suksesvol, p.72)*

(1)

**4.4 Die omgewing word in ag geneem wanneer eko-vriendelike kledingstowwe vervaardig word.****Staaf hierdie stelling.**

- Gekweek/ geproduseer in 'n omgewingsvriendelike/ volhoubare manier/ lae koolstofvoetspoor.✓<sup>1</sup>
- Hulle vereis/ gebruik minder water✓<sup>2</sup> in die produksieproses.
- Hulle vereis/ gebruik minder energie✓<sup>3</sup> tydens produksie en prosessering.
- Hulle word van hernubare hulpbronne gemaak✓<sup>4</sup> bv. plante met goeie gewasse opbrengste/ bamboes.✓<sup>5</sup>
- Hulle skep minder afval/ is bioafreekbaar/ minder afval op stortingsterreine.✓<sup>6</sup>
- Hulle word geproduseer van gewasse wat nie plaagdoders/ onkruidodders/ chemikalieë vereis nie/ word organies gekweek.✓<sup>7</sup>
- Natuurlike/ plant gebaseerde/ geen skadelike kleurmiddels word gebruik.✓<sup>8</sup>
- Herwinde/ hergebruikte tekstiele verminder die behoefte om nuwe tekstiele te produseer✓<sup>9</sup> en beland nie op stortingsterreine nie.✓<sup>10</sup>

(Enige 5) (5)

*Verstaan, matig (Verken, p.61 Suksesvol, p.67- 68)*

#### 4.5 Noem VYF riglyne om in ag te neem wanneer hemde/bloeses gekies word om vir 'n werk by 'n rekeningkundige firma te dra.

- Kies basiese/ neutrale kleure.✓<sup>1</sup>
- Kies hemde/ bloese wat maklik met broeke/ rompe kan meng en pas.✓<sup>2</sup>
- Kies style wat die tipe liggaam komplimenteer/ goed pas.✓<sup>3</sup>
- Koop die beste kwaliteit wat jy kan bekostig aangesien dit langer sal hou.✓<sup>4</sup>
- Vermy dit om items te koop wat nie by baie items in die klerekas pas nie.✓<sup>5</sup>
- Koop items in die piek/ hoogtepunt/ afname stadium in die modesiklus/ op uitverkoop omdat dit meer bekostigbaar is.✓<sup>6</sup>
- Koop hemde/ bloese wat vir meer formele/ professioneel en informele geleenthede gedra kan word.✓<sup>7</sup>
- Koop hemde/ bloese wat veelsydig is en in verskillende seisoene gedra kan word, dus word die bedrag wat op klere bestee word verminder.✓<sup>8</sup>
- Koop klassieke/ basiese items omdat dit vir baie seisoene hou/ tydloos is.✓<sup>9</sup>
- Koop 4 hemde/ bloese, een roomkleurige/ wit, een in 'n effekleur, een met blommetjies/ strepe en een deftige vir spesiale geleenthede.✓<sup>10</sup>
- Kies hemde/ bloese wat nie ontblootend is nie.✓<sup>11</sup> (Enige 5) (5)

*Verstaan, maklik (Verken, p.54-59; Suksesvol, p.61-65)*

#### 4.6 Bespreek hoe veranderinge in tegnologie sedert die 1990's tot die skep van bekostigbare en gemaklike, noupassende kunsleer broeke in 2023 bygedra het.

- Nuwe tekstiele/ kledstof word ontwikkel✓<sup>1</sup> met meer elasticiteit/ rek eienskappe.✓<sup>2</sup> Dit dra by tot die gemak/ vrye beweging✓<sup>3</sup> en noupassende✓<sup>4</sup> eienskappe van die kunsmatige leer van 2023.
- Nano/ biotegnologie voorsien die eienskap van die kontrole van die draer se liggaamstemperatuur,✓<sup>5</sup> aangesien kunsmatige leer ongemaklike warmte mag produseer,✓<sup>6</sup> dit laat nie lug deur nie/ kledstof haal nie asem nie.✓<sup>7</sup>
- Gerekenariseerde ontwerpmetodes/ verbeterde naaimasjiene✓<sup>8</sup> het die vervaardigingsproses versnel/ bespaar tyd✓<sup>9</sup> en geld.✓<sup>10</sup>
- Kunsleer is goedkoper✓<sup>12</sup> as egte leer. (Enige 5) (5)

*Analisering, matig (Verken, p.51; Suksesvol, p.54)*

[20]

**VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR****5.1 Maak 'n lys van die inligting wat by 'n huurooreenkoms ingesluit moet word.**

- Persoonlike besonderhede van beide partye. ✓<sup>1</sup>
- Die deposito wat vereis word. ✓<sup>2</sup>
- Wanneer die huur/ huurbedrag/ huurpaalement betaalbaar is. ✓<sup>3</sup>
- Periode wanneer die huur begin en eindig se datums/ lengte van die huurooreenkoms. ✓<sup>4</sup>
- Reëls van wat in die huis/ woonstel toegelaat word. ✓<sup>5</sup>
- Aantal mense wat in die gehuurde eiendom mag woon. ✓<sup>6</sup>
- Adres van die eiendom. ✓<sup>7</sup>
- Besonderhede van die hernuwing. ✓<sup>8</sup>
- Aanduiding van die regte en verantwoordelikhede van die huurder ✓<sup>9</sup> en die verhuurder. ✓<sup>10</sup>

(Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p.117-118; Suksesvol, p.138)***5.2 5.2.1 Beskryf DRIE maniere waarop die regopstaande vrieskas menslike energie bespaar.**

- Die regopstaande vrieskas het 'n outo-ontdooi funksie dus hoef dit nie op 'n natuurlike wyse ontdooi te word nie. ✓<sup>1</sup> Dit sal tyd bespaar. ✓<sup>2</sup>
- Vlekvryestaal afwerking/ wit binnekant sal dit maklik maak om skoon te maak. ✓<sup>3</sup>
- Wielletjies sal dit maklik maak om te beweeg/ onder skoon te maak. ✓<sup>4</sup>
- Die lig maak dit maklik om op een slag items te sien, geen rede om vir items te soek nie. ✓<sup>5</sup>
- Rakke maak dit maklik om items te vind. ✓<sup>6</sup>
- Dit is maklik om toegang tot die items te hê, omdat die deur na die kant oop maak. ✓<sup>8</sup>

(Enige 3) (3)

*Toepassing, matig (Verken, p.136; Suksesvol, p.154 – 155, 159)***5.2.2 Verduidelik waarom bêrekoop 'n geskikte kooptransaksie sal wees vir iemand wat net genoeg kontant het om 'n deposito te betaal.**

- Dit kan oor 'n tydperk afbetaal word. ✓<sup>1</sup>
- Geen rente is betaalbaar nie ✓<sup>2</sup> dus kos dit uiteindelik dieselfde as 'n kontanttransaksie. ✓<sup>3</sup>

(Enige 2) (2)

*Verstaan, matig (Verken, p.148; Suksesvol, p.162; Grade 11)*

**5.3. 5.3.1 Noem en bespreek die tipe huiseienaarskap in bostaande advertensie.**

Hierdie is 'n deeltiteleienaarskap.✓<sup>1</sup>

Die eienaar word die wettige/ individuele eienaar van 'n gedeelte van die behuisingskompleks✓<sup>2</sup> en besit aandele in die onverdeelde perseel waarop dit staan.✓<sup>3</sup>

(1)

**OF**

Hierdie is deeltiteleienaarskap.

Die eienaar word die wettige/ individuele eienaar van eenheid/ 'n gedeelte van die gebou✓<sup>5</sup> en besit 'n aandeel in die gemeenskaplike eiedom/ huisbakke/ gange/ trappe/ tuinareas en die swembad.✓<sup>6</sup>

(Enige 2)

(2)

*Onthou, matig (Verken, p.122; Suksesvol, p.140)*

**5.3.2 Identifiseer in die advertensie hierbo DRIE dienste wat deur heffings betaal word.**

- Swembad✓<sup>1</sup>
- Uitsonderlike sekuriteit ✓<sup>2</sup>
- Gimnasium✓<sup>3</sup>
- Pluimbalbaan✓<sup>4</sup>
- Speletjieskamer✓<sup>5</sup>
- Speelarea vir kinders✓<sup>6</sup>
- Instandhouding van gemeenskaplike areas✓<sup>7</sup>
- Vullisverwydering✓<sup>8</sup>
- Eiendomsbelasting en heffings van gemeenskaplike areas✓<sup>9</sup>
- Fliekkamer✓<sup>10</sup>
- Funksiekamer✓<sup>11</sup>
- Konferensiekamer✓<sup>12</sup>
- Vesel en DSTV gereed✓<sup>13</sup>
- Gesondheidspa✓<sup>14</sup>
- Leefstylsentrum✓<sup>15</sup>

(Enige 3)

(3)

*Verstaan, maklik (Verken, p.122; Suksesvol, p.140)*

**5.3.3 Beskryf waarom dit finansiële voordelig sal wees om eiendom in die ontwikkeling, wat hierbo beskryf word, te koop.**

- Dit sal finansiële voordelig wees weens die gratis verbandkoste<sup>✓1</sup> die heffing is gratis vir 'n jaar<sup>✓2</sup> en daar is 'n 10% afslag.<sup>✓3</sup>
- Die koper hoef nie die gemeenskaplike aareas instand te hou nie<sup>✓4</sup> omdat die huiseienaarsvereniging daarvoor verantwoordelik is.<sup>✓5</sup>
- Dit is veilig/ het uitsonderlike sekuriteit/ dit is 'n veilige kompleks/ ontwikkeling<sup>✓6</sup> en daar hoef nie vir ekstra sekuriteit betaal te word nie.<sup>✓7</sup>
- Ontspanningsgeriewe is op die perseel/ restaurant/ gymnasium/ speletjiesarea/ speelarea vir kinders/ fliekkamer<sup>✓8</sup> dus word daar op onthaaluitgawes bespaar.<sup>✓9</sup>
- Naby 'n winkelkompleks/ 'Mall of Africa'/ skole/ top onderwysfasiliteite/vermaak/ top restaurant/ kitskos-verkoopspunte/ Kyalami-renbaan<sup>✓10</sup> wat vervoerkoste sal bespaar.<sup>✓11</sup>

(Enige 6)

(6)

*Analiserings, matig (Verken, p.123; Suksesvol, p.141; Scenario)***[20]**

**VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP****6.1 Definieer die term *teikenmark*.**

'n Groep mense<sup>✓1</sup> wat jou produk/ diens wil koop<sup>✓2</sup> en bereid is om die prys wat daarvoor gevra word, te betaal.<sup>✓3</sup>

**OF**

'n Groep mense<sup>✓4</sup> met gemeenskaplike behoeftes<sup>✓5</sup> en belangstellings.<sup>✓6</sup>

(Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.20; Suksesvol, p.33)(Grade 11)*

**6.2 Noem TWEE verspreidingsmetodes wat 'n entrepreneur kan gebruik om sy/haar produkte te verkoop.**

- Direkte verkope/ verspreiding/ verkoop dit self.<sup>✓1</sup>
- Gebruik van 'n middelman/ indirekte verkope.<sup>✓2</sup>

(2)

*Onthou, maklik (Verken, p.33; Suksesvol, p.32)*

**6.3 Stel VIER maniere voor waarop 'n nuwe entrepreneur goeie kliënteverhoudings kan bou om die sukses van sy/haar besigheid te verseker.**

- Deur te verseker dat die besigheid die kliënte se behoeftes en begeertes bevredig.<sup>✓1</sup>
- Deur kliënte belangrik te laat voel/ behandel kliënte hulle met respek.<sup>✓2</sup>
- Om te verseker dat hulle dit geniet om besigheid met jou te doen.<sup>✓3</sup>
- Deur duidelike inligting oor die produk te gee.<sup>✓4</sup>
- Deur die beloftes na te kom omdat kliënte alles wat op die etiket of in die advertensie belowe was, sal verwag.<sup>✓5</sup>
- Deur onmiddellik aandag aan kliënte se klagtes te skenk<sup>✓6</sup> deur altyd terug te skakel<sup>✓7</sup> indien hy/ sy belowe het om dit te doen.
- Deur bedagsaam te wees en aandagtig na klagtes te luister, sonder om te onderbreek.<sup>✓8</sup>
- Deur navrae/ klagtes vir toekomstige verwysing neer te skryf/ deur gereelde terugvoering van kliënte te kry<sup>✓9</sup> sodat die gehalte van die produk or diens verbeter kan word.
- Deur familielede en werkers wat in kontak met kliënte kom, op te lei in kliëntediens.<sup>✓10</sup>

(Enige 4) (4)

*Onthou, maklik (Verken, p.22-25; Suksesvol, p.25)*

#### 6.4 Verduidelik waarom dit belangrik is om aan produkspesifikasies te voldoen.

- Om te verseker dat die produk altyd dieselfde is in terme van grootte/ voorkoms/ kleur/ tekstuur/ gehalte. ✓<sup>1</sup>
- Kliënte sal altyd wat hulle verwag het ontvang/kliënte se verwagtinge sal voldoen word. ✓<sup>2</sup>
- Kliënte sal tevrede/ gelukkig wees en ander van die produk vertel. ✓<sup>3</sup>
- Produk/ besigheid mag meer suksesvol/ meer winsgewend wees/ nie wins verloor, omdat daar minder mislukkinge sal wees/ minder produkte teruggebring sal word. ✓<sup>4</sup>
- Minder vermorsing van grondstowwe. ✓<sup>5</sup> (Enige 3) (3)

Verstaan, matig (Verken, p.16; Suksesvol, p. 21)

#### 6.5 6.5.1 (a) Beskikbaarheid van finansiële hulpbronne

- R2 000 van 'n vriend geleen. ✓<sup>1</sup>
- R50 000 toelaag van die Nasionale Jeug Ontwikkelingsagentskap. ✓<sup>2</sup>
- Huurvrye/gratis stuk grond. ✓<sup>3</sup> (Enige 2) (2)

Verstaan, matig (Verken, p.11; Suksesvol, p.18)

#### (b) Beskikbaarheid van werkspasie

- Sy gebruik gratis 'n stuk grond/ huurvrye stuk grond wat deur haar familie besit word. ✓<sup>1</sup>
- Sy het 'n groot hoenderhok. ✓<sup>2</sup> (Enige 2) (2)

Verstaan, matig (Verken, p.12; Suksesvol, p.19)

#### (c) Beskikbaarheid van grondstowwe

- Eier-lêende hoender ✓<sup>1</sup> was aangekoop vanaf 'n plaaslike hoenderboer ✓<sup>2</sup> dus is dit maklik beskikbaar. ✓<sup>3</sup>
- Sy gebruik bioafbreekbare ✓<sup>4</sup> herwinbare verpakking. ✓<sup>5</sup>
- Kliënte het die opsie om hul eie verpakking te bring. ✓<sup>6</sup> (Enige 2) (2)

Verstaan, matig (Verken, p.13; Suksesvol, p.19)

### 6.5.2 Beskryf waarom Lebuhang as 'n omgewings- en sosiaal-verantwoordelike entrepreneur beskou kan word.

- Sy gebruik bioafbreekbare<sup>✓1</sup> en herwinde<sup>✓2</sup> verpakking/ sy moedig kliënte aan om hul eie verpakking te bring,<sup>✓3</sup> wat die behoefte om nuwe verpakking te produseer verminder.<sup>✓4</sup> Dit verminder afval<sup>✓5</sup> en besoedeling<sup>✓6</sup> en 'n negatiewe impak op die omgewing.<sup>✓7</sup>
- Sy skenk eiers wat sy nie verkoop het nie aan vroeë kinderontwikkelingsentra<sup>✓8</sup> om te help met armoedevermindering.<sup>✓9</sup>
- Sy gee hoendermis (manure) weg vir gemeenskapstuine,<sup>✓10</sup> hoendermis is omgewingsvriendelik.<sup>✓11</sup> dus hoef die gemeenskap nie bemesting te koop<sup>✓11</sup> om hul eie groente te kweek nie.
- Sy bemark haar produkte aanlyn wat 'n verantwoordelike manier om te bemark omdat dit papierloos is.<sup>✓12</sup>
- Sy koop haar aanvanklike eiers en eierlêende hoenders van af 'n plaaslike boer, wat brandstof bespaar, en 'n kleiner impak op die natuurlike omgewing het.<sup>✓13</sup> (Enige 5)

Toepassing, matig (Verken, p.27; Suksesvol, p.26)

### 6.5.3 Verduidelik waarom dit waarskynlik is dat Eggselent 'n volhoubare, winsgewende besigheid sal wees.

- Daar is 'n groot aanvraag<sup>✓1</sup> vir haar produk/ eiers.
- Eggselent verskaf aan bakkerye/ bed en ontbyt gastehuse/ huishoudings.<sup>✓2</sup>
- Eggselent het 'n breë kliëntebasis/ teikenmark<sup>✓3</sup> omdat Lebuhang aanlyn promosie gebruik en haar produkte aanlyn verkoop.<sup>✓4</sup>
- Lebuhang belê in haar besigheid,<sup>✓5</sup> sy het die toelaag wat R50 000 werd is (van die Nasionale Jeug Ontwikkelingsagentskap) gebruik om groter hoenderhokke te bou sodat meer eier-lêende hoenders geakkommodeer kan word, dus word meer eiers geproduseer<sup>✓6</sup> haar besigheid groei.<sup>✓7</sup>
- Sy het 'n besigheidsmentor,<sup>✓8</sup> wat haar leiding gee en die moontlikheid van mislukking verminder.<sup>✓9</sup>
- Die eiers is bekostigbaar<sup>✓10</sup> dus sal sy meer kliënte hê.
- Eiers is nie seisoenaal nie/ altyd beskikbaar/ word regdeur die jaar benodig/ deurlopende vlak van produksie.<sup>✓11</sup>
- Sy verkoop ook geslagte hoenders wat die verskeidenheid van produkte vermeerder.<sup>✓12</sup>
- Haar besigheid het lae oorhoofse/ bokoste omdat sy land gebruik waarvoor sy geen huur betaal nie.<sup>✓13</sup>
- Sy het baie min skuld om terug te betaal omdat sy slegs R2000 van 'n vriend geleen het.<sup>✓14</sup> (Enige 6)

Toepassing, matig (Verken, p.35; Suksesvol, p.34)

**6.5.4 Bereken die wins wat sy op vyf dosyn eiers maak.  
Toon ALLE berekeninge.**

$$\begin{aligned} & R15 \times 5 \checkmark^1 \\ & = R75 \checkmark^2 \times 40\% \checkmark^3 \\ & = R30.00 \checkmark^4 \end{aligned}$$

**OF**

$$\begin{aligned} & R15.00 \times 40\% \checkmark^5 = R6.00 \\ & R6.00 \checkmark^6 \times 5 \checkmark^7 \\ & = R30.00 \checkmark^8 \end{aligned}$$

(4)

*Toepassing, matig (Verken, p.36-38; Suksesvol, p.38-39)*

**6.6 Voorspel die negatiewe finansiële impak wat beurtkrag op kleinskaalse besighede en hul werknemers sal hê.**

- Besighede maak toe tydens beurtkrag en gevolglik verloor hulle kliënte<sup>✓1</sup> dus minder wins.<sup>✓2</sup>
- Sommige besighede mag bankrot raak en moet die besigheid toe maak/ sluit<sup>✓3</sup> omdat daar minder inkomste sal wees om die besigheid volhoubaar te maak.<sup>✓4</sup>
- Hulle sal nie in staat wees om hul produkte te produseer nie<sup>✓5</sup> en verkope sal nie gedoen kan word nie.<sup>✓6</sup>
- Daar word nog steeds van hulle verwag om huur/ water/ elektrisiteit/ heffings en erfbelasting/ skuld te betaal<sup>✓7</sup> wat hulle dalk nie kan bekostig nie.<sup>✓8</sup> Hulle mag op die swartlys geplaas word.<sup>✓9</sup>
- Bederfbare grondstowwe mag bederf<sup>✓10</sup> weens lang ure van beurtkrag, wat veroorsaak dat besighede geld verloor.<sup>✓11</sup>
- Werknemers mag afgedank word,<sup>✓12</sup> gevra word om minder ure te werk<sup>✓13</sup> omdat besighede nie bedryf word weens beurtkrag, wat mag bydra tot armoede/meer mense wat werkloos is.<sup>✓14</sup>
- Sommige besighede mag 'n kragopwekker/ omskakelaar aankoop om tydens beurtkrag te gebruik wat duur is.<sup>✓15</sup>
- Die bedryf van 'n kragopwekker/ omskakelaar is duur.<sup>✓16</sup> (Enige 8) (8)

*Analisering, moeilik (Verbruikerskwessie)*

[40]

**GROOTTOTAAL: 200**